

**Skriflesing:** Mattheus 28:1-15Teks: **Mattheus 28:7b; 13**Sing: **VOORAF SANG- Ps. 40:3**TYDENS EREDIENS- **Ps. 118:8,9; Ps. 107:5,6; Ps. 16:1,4; Ps. 61:2,3,4****Mattheus 28: 1 - 15****Mat 28:1** En laat ná die sabbat toe dit begin lig word, teen die eerste dag van die week, kom Maria Magdaléna en die ander Maria om na die graf te gaan kyk.**Mat 28:2** En daar kom 'n groot aardbewing, want 'n engel van die Here het uit die hemel neergedaal en gekom en die steen van die opening weggerol en daarop gaan sit.**Mat 28:3** En sy gedaante was soos weerlig en sy kleding wit soos sneeu.**Mat 28:4** En uit vrees vir hom het die wagte gebewe en soos dooies geword.**Mat 28:5** Maar die engel antwoord en sê vir die vroue: Moenie vrees nie, want ek weet julle soek Jesus wat gekruisig is.**Mat 28:6** Hy is nie hier nie, want Hy het opgestaan soos Hy gesê het. Kom kyk na die plek waar die Here gelê het;**Mat 28:7** en gaan haastig, sê vir sy dissipels: **Hy het opgestaan uit die dode en gaan voor julle uit na Galiléa. Daar sal julle Hom sien. Kyk, ek het julle dit gesê.****Mat 28:8** En hulle het haastig weggegaan van die graf met vrees en groot blydschap, en gehardloop om dit aan sy dissipels te vertel.**Mat 28:9** En terwyl hulle op weg was om dit aan sy dissipels te vertel, kom Jesus hulle meteens teë en sê: Wees gegroet! Toe kom hulle nader en gryp sy voete en aanbid Hom.**Mat 28:10** En Jesus sê vir hulle: Moenie vrees nie. Gaan heen en vertel my broeders dat hulle na Galiléa moet gaan; en daar sal hulle My sien.**Mat 28:11** En terwyl hulle op weg was, kom daar sommige van die wag in die stad en vertel die owerpriesters alles wat gebeur het.**Mat 28:12** En nadat hulle saam met die ouderlinge vergader en raad gehou het, het hulle die soldate baie geld gegee**Mat 28:13** en gesê: **Julle moet sê: Sy dissipels het in die nag gekom en Hom gesteel terwyl ons aan die slaap was.****Mat 28:14** En as dit by die goewerneur gehoor word, sal ons hom tevrede stel en maak dat julle sonder sorg is.**Mat 28:15** Hulle het toe die geld geneem en gedoen soos hulle geleer was. En hierdie verhaal is versprei onder die Jode, tot vandag toe.**Skriflesing:** Mattheus 28:1-15Teks: **Mattheus 28:7b; 13**Sing: **VOORAF SANG- Ps. 40:3**TYDENS EREDIENS- **Ps. 118:8,9; Ps. 107:5,6; Ps. 16:1,4; Ps. 61:2,3,4**

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, byna op elke lamppaal sien ons die propaganda van die baie politieke partye. Elke keer gebeur dit voor 'n verkiesing. Reklame of propaganda van allerlei besighede is elke dag deel van ons lewe. Of ek daarna wil kyk of luister, maak eintlik nie saak nie. Ons word as't ware gedwing om hiervan kennis te neem. 'n Mens sou nie eers waag om te raai hoeveel geld in alle geval hieraan bestee word nie.

\*\*\*

Vandag, op hierdie dag van die Here se opstanding het ons ook te doen met die effektiwiteit waarmee Satan sy eie propaganda stook. Julle moet sê: *Sy dissipels het in die nag gekom en Hom gesteel terwyl ons aan die slaap was.* Maar nog vóór hierdie propaganda die wêreld ingestuur was, was daar ook geld ter sprake. Daar was ook 'n toesmeerdery betrokke. In vers

12 lees ons dat hulle het die soldate baie geld gegee... En die toesmeerdery, broeder en suster, hoe sal Satan nie altyd mense se oë en harte wil toesmeer nie?! Daarom moet ons vandag op hierdie dag van die Here, die dag van Sy opstanding vier dinge raaksien wat nie net vir vandag geld nie, maar in die geheel van ons lewe deurslaggewende betekenis moet dra. Dit gaan hier nie net om propaganda nie, dit gaan om dit wat werklik die lewe is.

\*\*\*

Sien hierdie vier dinge ook in u lewe raak. Die dag van die Here se opstanding was ál vier die dinge ter sprake. Die waarheid wat altyd teenoor die leuen sal staan. Blydschap teenoor pessimisme/swartgalligheid. Liefde teenoor haat. Sinvolheid teenoor sinloosheid. Die eerste dan ...

### **Die waarheid teenoor die leuen:**

Die wagte wat Jesus se graf moes oppas, dit was soldate gewees. Romeinse soldate, mense met militêre dissipline. Van 'n soldaat word tog verwag om sy staan te staan. Daar was meer as een wag by die graf gestel gewees. Soldate vuiste wat die graf sou moes toedruk. Die Sanhedrin het werklik met die Jode wou saamwerk. Politieke bondgenootskappe tussen Jood en Romein strek vêrder as tot vóór die kruis, daar word selfs na die kruisiging, by die graf, wil die wêreld alles probeer toedruk. So asof hulle die vrede nou maar eenmaal nie vertrou nie.

Hierdie soldate was moontlik ook deel van hulle wat met Jesus aan die kruis gespot het. In hulle wagers posisie by die graf het hulle in hulle harte die genoegdoening gesmaak dat hoe goed is dit dat hierdie Man nie meer met ons is nie. Daar was terselfdertyd in 'n Romeinse soldaat se lewe iets van 'n fanatieke ywer. In die Romeinse leër word militêre versuim baie swaar gestraf. So het ons die voorbeeld van Agrippa wat daardie soldate wat 'n gevange Petrus moes oppas en toe Petrus wel ontsnap, het Agrippa daardie soldate laat onthoof (Hand 12:19).

\*\*\*

En nou hierdie Sondag-oggend, die derde dag ná Vrydag daal daar 'n engel uit die hemel by hierdie graf neer. Sy gedaante was soos 'n weerlig, sy kleding wit soos sneeu. Die ligstraal van God se majesteit maak daardie hele tuin een groot liggloed. God se majesteit wat altyd eintlik maar God se heerlikheid bevat, eintlik moes dit vir die soldate wonderlik gewees het dit wat hulle nou hier kon aanskou.

Byna weer iets van die nag toe Christus gebore is. So begin die evangelie van Mattheus met 'n engel en engele, nou eindig die evangelie weer in wat die engele doen en sê. Die hemelse orde is deel van 'n ander orde. Hier in die tuin van Josef van Arimathea slaan die lig neer en die aarde bewe want 'n engel van die Here het uit die hemel neergedaal en gekom en die steen van die opening weggerol en daarop gaan sit.

\*\*\*

Nou speel die goddelike ironie soos een groot wonder hier voor ons af. Soldate, die dapperste van die dapperes, dit wat hulle veronderstel is om te wees is die ene vrees. Hulle die lewendes wat veronderstel was om die dooie op te pas. Hulle bewe en nou word hulle soos dooies, want die Een wat hulle gedink het dood moet wees, Hy is nou die lewende. Die engel wat die klip wegrol en juis op daardie klip gaan sit is soos 'n troon waarop hy sy mag beslis. Die engel hoef nie by die graf te staan nie, die *gaan sit* van die engel is om te aanvaar hier het God beslis opgetree, hier regeer die lewe en nie die dood nie. Hulle wat gedink het hulle regeer, hulle lê daar asof hulle gedood is. Met hulle het die engel nie eers 'n enkele woord gepraat nie.

\*\*\*

Die vroue by wie dit wel voorkom asof hulle ook alreeds by die graf was, toe die aardbewing, die ligglans, die engel, die breek van die seëls, die wegrol van die klip, alles seker in een beweging sou wees, maar met hierdie vroue sal daar gepraat word. *Moenie vrees nie, want ek weet julle soek Jesus wat gekruisig is. Hy is nie hier nie, want Hy het opgestaan soos Hy gesê het. Kom kyk na die plek waar die Here gelê het; en gaan haastig en sê vir sy dissipels: Hy het opgestaan uit die dode en gaan voor julle uit na Galilea. Daar sal julle Hom sien. Kyk, ek het julle dit gesê.*

Die satan wat sy propaganda nog nie eers aanmekaar gesit het nie, tog het God klaar gesê dit wat die waarheid is. Die vroue moet gaan sê staan direk teenoor die ouderlinge (let wel ouderlinge en owerpriesters) se gaan sê! Die ouderlinge en owerpriesters, wat vir die soldate voorskryf wat hulle moet sê – *Sy dissipels het in die nag gekom en Hom gesteel terwyl ons aan die slaap was.* Dis 'n leuen boonop nog 'n swak leuen. 'n Leuen waarvoor nie die lewe kon instaan nie, maar geld, selfs baie geld moet baie keer vir die leuen instaan. Die eerste leuen is wat die soldate moet rondvertel- *ons het aan die slaap geraak.* Hulle het glad nie geslaap nie, daardie blinkende engel het geen slaap geduld nie, die aarde het dan selfs gebewe. En reeds het ons gewys sulke soldate sou eintlik deur so 'n swakheid om op wag aan die slaap te raak met die dood gestraf kon word, maar hier word hulle swakheid in iets

ingebring wat veronderstel was om 'n sterk argument te wees. Is dit die sterkste wat hulle hul swak leuen kon maak?! Ja, dit word nog swakker!

Hoe swak is die argumentasie net nie, want die eerste leuen word deur 'n tweede leuen gevolg. Die lykroof-leuen. Eintlik nog swakker as die eerste leuen. Hoe vas moet 'n mens nou slaap dat jy nie kan hoor die verseëlde graf se seëls (sy kettings) word gebreek en werklikwaar jy hoor dit nie. Is hulle dan doof, as so 'n swaar klip deur gewone mense wat dit nooit geruisloos sou kon doen nie, weggerol sou word. Dit is wat die soldate moes vertel. Leuens wat die waarheid moes ondervang, maar die soldate het wins gemaak. Hulle het eintlik verhoging gekry en selfs word hulle teen hulle leuens verseker. Die Sanhedrin sal vir hulle intree as hulle oor hulle nalatigheid en slapheid en aan die slaap wees sal moet pa-staan.

\*\*\*

Hoe die propaganda-meule van die satan maal kan ons ons oor die swakheid van die leuens verstom, maar broeder en suster, hierdie meule is vandag nog in die wêreld aan die maal. Daar is in ons eie land, mense in ons eie volk, hulle sê dit in Afrikaans, dat Jesus nie uit die dood opgestaan het nie. Die waarheid van die ware lewe sal daar altyd hulle wees wat dit wil toedruk en onderdruk. In wat ons vanoggend hier voor ons sien, in wat die Here ons mee verseker is dat die waarheid deur die Here Self uitgedra sou word. Die Here gaan met die waarheid vooruit. Daar waar sy dissipels nog vissermanne was, daar by die see van Galilea, daar waar alles drie jaar terug begin het, daar moet julle heengaan. Daar sal julle die lewende Here ontmoet. Die eersteling uit die dood wat die eersteling gawe hulle reeds aanbied, die lewe in die waarheid, maar ook die waarheid in die lewe.

Ons moet die lewende nie by die dooies soek nie. Inderdaad Hy is opgewek, wat meer sê as net dat Hy uit die dood opgestaan het. Die opwekking het vanuit die hemel van God die Vader deur sy Heilige Gees geskied.

Dieselfde Heilige Gees wat u moet opwek om hierdie waarheid vandag te glo, om werklik soos die vroue en soos die dissipels om die opgang na die neergang uit te dra. Die Oorwinnaar oor alle magte, Hy Wie vir ons kon sê aan Hom behoort alle mag in die hemel en op die aarde. Hy het reeds met sy volle mag die duiwel, die dood en die sonde oorwin. Daardie leuen wat die soldate die ambassadeurs moes wees, dit is so pateties, so magteloos, werklik net mense wat aan die slaap is, kan so iets wil glo, maar broeder en suster, onthou ons het nie net te doen met die leuen teenoor die waarheid nie, maar

ons het ook te doen met...

**Blydskap teenoor somberheid/swartgalligheid:**

Die soldate se storie is een van totale pessimisme. Aan die slaap wees en toe word daar gesteel en toe sal ons agterkom, nou is Hy weg! Broeder en suster, ons moet nie leef asof ons in dieselfde groep as die soldate val nie. Wanneer die opstanding van Jesus Christus ons lewe oorheers dan het dit betekenis vir hierdie lewe ook. Daardie opgewondenheid waarmee die engel met die vroue praat is duidelik. Hoe uitermate opgewonde sou hy kon wees om aan die vroue te kon wys Hy is nie meer hier nie, want Hy het opgestaan. Die opwekking moet hulle ook opwek- *Kom kyk na die plek waar die Here gelê het...* Alles nou verlede tyd, dit is 'n afgehandelde saak en die gevolge hiervan duur nou nog voort.

\*\*\*

Ons kom ook agter die engel se stem en wat merk ons op. Daar word nie bespiegel of dit nou enigins moontlik is dat die Here opgestaan het nie. Niemand sal daarvoor redeneer nie, dit is 'n eenvoudige boodskap wat jy moet glo, niemand sal dit aan jou wil bewys nie. Al bewys dat die plek leeg is, Hy is nie hier nie, want Hy is opgewek, maar tog is daar die Woord van God wat die finale bewys is. Onthou wat Hy vir julle gesê het vóór Hy nog gekruisig was. Julle sien hierdie leë graf, julle het sy Woord. Wie sou vergeet hoe Jesus dit Self gesê het...*oor drie dae staan Ek op*. Dit was 'n wyd verspreide boodskap. Owerpriesters, Fariseërs, ouderlinge, selfs Pilatus, niemand was as't ware in die geheim gehou dat dit sal gebeur nie.

\*\*\*

Daarom staan ons vanoggend na goeie Vrydag met die vraag van die engele ook voor ons met die alles beslissende- *waarom soek ons die Lewende by die dooies?* (Luk 24:5). Ons moet in vreugde dit anders wil doen. Moet Hom nie soek waar Hy nie te vinde is nie! Baie keer sal ons dit nie sê nie, maar ons lewe eintlik maar asof Hy by die dooies is. Somber, swartgallig, pessimisties, 'n lewe van voortdurende verdagmakery. Sulke lewens is besig om Christus tussen die dooies te wil plaas. Asof daar werklik 'n lykroef was. Ons word so maklik ook die slagoffer van sulke somberheid.

U moet hierdie vroue mooi na kyk. Vroue wat haastig weggegaan het van die graf met vrees maar ook met groot blydskap. Hulle het gehardloop om dit aan die dissipels te vertel. Watter vreugde sou daar werklik in hulle kon wees? Woorde sal sukkel om dit te beskryf. Waarlik hulle besef dat Golgota is geen mislukking gewees nie, dit is 'n oorwinning oor ons skuld, oor die toorn van God, oor ons sonde, oor die duiwel en oor die dood. Niks kan ons meer van God se liefde skei nie. Die dood se rigting het verander, dit is nie meer die straf op ons sonde

nie, maar dit is die deurgang tot die ewige lewe. Die weg na God is deur God Self, deur sy Seun na Hom oopgemaak. Die opstanding breek die seël van die graf om daarmee te verseël alles wat Jesus gedoen het, het Hy volmaak volbring, ook toe Hy gesê het- DIT IS VOLBRING... Christus wat nou die opstanding en die Lewe is, waarlik nou geld dit in alle geval wat daar by die graf van Lasarus al gesê was- *wie in My glo sal lewe, al het hy ook gesterwe; en elkeen wat lewe en in My glo, sal nooit sterwe tot in ewigheid nie. Glo jy dit?*

Hierdie vrou het so anders van hierdie graf kon weggaan as wat hulle daar aangekom het. Hulle koms was seker somber, met rou bekleed, die speserye en die salf was in hulle hande reg gewees om sy dooie liggaam te salf, maar nou kan ek my voorstel hulle het daardie salf en speserye net daar gelos, soos wat ons weet 'n Samaritaanse vrou wat eenkeer water gaan skep het, maar toe sy werklik die lewende water met haar hoor praat, sy het Hom gevind, toe het sy haar skeping (-haar waterkan -Joh.4:28) net daar gelos.

Sekere dinge wat 'n mens in jou lewe met die ontmoeting van die lewe wel kan agter los, kan agterlaat. Dinge wat jy verloor, wat jy nie meer nodig het nie. Dit is baie keer nie verlies nie, maar wins! Vreugdevolle wins! Daarom as ons vandag hier weggaan, op hierdie dag van die opstanding dan moet u lewe nie net van die waarheid en van vreugde getuig nie, maar u besef u lewe wat die lewe van Christus ontmoet bring die verskil tussen liefde en haat- ons voorlaaste gedagte ...

### **Liefde en haat!**

Die soldate en die leuen wat hulle verder moes uitdra sou die uitbreiding wees van haat. Die Sanhedrin wat Jesus haat en so baie wat Hom gehaat het. Selfs nou sal hulle nie wil ophou om Hom te haat nie. Hulle wat eintlik geestelike lyke is wat ander van lykroef beskuldig. Hulle wat die wêreld wil oortuig dat die opstanding nie kon plaasvind nie. Hulle wat met hierdie propaganda aanhou en aanhou. Ons wêreld is ook vol sulke geestelike lyke. Hulle wemel die wêreld vol! Die duiwel wat van die begin af, leuenaar en moordenaar is. Ons moet weet hierdie haat wat die Satan teen die Here het, sal baie keer beskaafde mense wees wat sy bondgenote is. Beskaaf maar dit is beskaafde vyandskap, beskaafde haat, verskriklike haat en grofheid kom baie keer in die fynste diplomatie in hierdie wêreld voor. Daardie manier hoe mense baie keer ook in die kerk eintlik die haat teenoor die liefde stel. Mekaar eintlik heeltyd met die elmboog stamp, mekaar met die elmboog wil wegwerk, verstaan sulke mense werklik die leë graf?!

\*\*\*

Verstaan hulle dat die lyk propaganda teenoor die lewens propaganda moet staan. Jesus wat selfs sy vyande kon liefhê! Hoe het Jesus se liefdesgloed daardie soldate by die graf geslaan. Hulle is omgeslaan, maar hulle sou kon opstaan, Tog het hulle hul harte laat bind deur die Sanhedrin en deur geld. Die Here se oorwinnende liefde het hulle eintlik net nog meer haatdraende mense gemaak en dit terwyl die Here dooie harte kan laat ontgooi deur sy Gees. Hy wat liefdeloosheid uit die hart kan uitdryf. Hy wat geestelike lyke kan laat opstaan uit hulle sonde graf om tot die Vader te gaan waar die lewe is. Haat-propaganda kan deur die Here omgedraai word tot lewens-propaganda. Is Paulus nie 'n duidelike voorbeeld nie?!

\*\*\*

Daardie Sondag-oggend is dit nie net haat wat in liefde kon omkeer nie, maar Jesus genees ook teleurgestelde liefde wat wel nie haat is nie, maar die vroue se liefde wat so teleurgestel was. Daar sou in daardie vroue wel nie haat wees nie, maar tog baie bitterheid. Jesus laat hulle opstaan. Laat julle na my dissipels gaan, laat die graf van nydigheid en wrok en bitterheid agter, dit wat baie keer die voorportaal van haat uitmaak. Hulle kon daaruit gaan met liefde en vergewing. Daardie vroue wat daardie soldate eenvoudig in hulle liefde verbysteek.

Die graf van onopgeloste twiste, dit wat my hart en my hele wese so kan verstrengel, daardie graf word opgeruim en die twiste word bygelê. Dan moet u werklik uitgaan en gaan vertel die Here se lewensoffensief is tegelyk sy liefdesoffensief. God is liefde is nie maar 'n dooie teks met 'n stuk dooie dogmatiek daarom gehul nie, maar dit is God wat die lewe is, in net soveel as wat Hy die lewe is, is God liefde.

Moet ons toelaat dat mense, al is hulle soldate hierdie liefde wil uitdoof. Daar moet in die kerk van die Here, die kerk in wie die opstanding lewe, soveel liefde wees, dat al kom daar stryd en haat en teleurstellings en bitterheid en baie moeite moet die waarheid van die opstanding vir u die werklikheid van God se liefde beteken. Die moedeloses moet weer bemoedig word, die eensames moet weet God is saam met hulle, die wat twyfel moet nie hulle vingers nie, maar hulle harte in die lewende Jesus plaas. Hy in ons en ons in Hom. Die liefde moet al meer verinnig. Die opstanding van die Here beteken verinnigde liefde en verenigde liefde. Dit moet dit ook vir u beteken, want in die laaste plek sal ons besef vanuit die waarheid en die blydschap en die liefde van die Here se opstanding is daar ook in ons lewe die kontras tussen

**Sinvolheid en sinloosheid:**

Ten diepste moes die soldate eintlik maar loop en rondvertel hoe sinloos alles is! Want dit is soos Paulus ook sê- *as Jesus nie opgestaan het nie, dan is alles sinloos*. Dan is ons prediking vergeefs en vergeefs ook julle geloof. As dit vir 'n enkele oomblik waar moes wees dit wat die soldate moes vertel, dan kan alle kerke, ja ieder een moet dan gesloop word. Dan het geen erediens meer enige sin en betekenis nie. Dit is dan sinloos. Daar sal dan niks so doelloos op aarde wees soos 'n mens wat sy lewe op 'n lewende Christus sou rig nie.

Maar nou besef ons, broeder en suster, ons wat vanoggend hier is, ons wat glo dat Jesus lewe, ons is baie keer ook in die soldatekamp. Daardie tye wat ons oor die doel van ons eie lewe hard wonder. Wanneer ek eintlik maar doelloos begin voel en ek werk ook so, so onverskillig asof alles eintlik maar sinloos is, daardie tye wat u vanoggend uself voor die Here moet stel, groot en klein, oud en jonk en u besef in Christus en in sy opstanding vandag is daar soveel dinge wat ryk en sinvol en doelgerig moet wees. So moet ook nou my lewe wees. Wie in die lewende Christus glo is ryk en sinvol en doelgerig. Jesus se eie lewe, selfs sy lewe op aarde was vol sin. In alles het Jesus moes kom toon in wat God die Vader in Hom na ons gebring het en ook alles wat Hy moes volbring.

Niks in die lewe van die lewende Christus en en die lewende christen is doelloos nie. Hoe dit nou nog alles ten goede meewerk, moet ons werklik behoorlik ons lewenspad en lewenspas maak. Selfs dit wat lyk so teen ons is, selfs dit dien die voortgang van God se koninkryk. As u Sondag na Sondag die eredienste opsoek, u doen dag na dag u werk, baie keer mag dit voel so sleurende, so herhalend, so elke dag dieselfde, ons moet besef die sin van ons lewe, is nie onself nie.

Dit is om vir God te werk tot sy eer, tot uitbreiding van sy koninkryk, dat sy ryk op die nuwe aarde nou al reeds ons werklike rykdom sal wees. Ons het die graf van Jesus leeg gesien, nie omdat Hy gesteel is nie, maar Hy het sinvol opgestaan, Hy het vir jou en my, sy kinders opgestaan. As dit vir Hom sinvol is, om so ons Here te wil wees, hoe kan ons dan by die gevoel van sinloosheid wil stilstaan. Ons loop nie agter daardie soldate se storie aan nie. Hulle maak alles dalk so sinloos, maar waar ons vandag die Lewende Christus in ons lewe sien, leef sinvol, want die waarheid, die blydskap, die liefde, is reeds joune, hoekom nie ook sinvol lewe nie?!

AMEN